higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 3

(5050053)

12 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs 'n pen met BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1 … is 'n opvoedkundige stelsel wat daarop fokus om leerders op 'n spesifieke tegniese of praktiese werk voor te berei.

A Basiese onderrig
B Beroepsonderrig
C Tersiêre opvoeding
D Volwassene-onderrig

1.2 Assessering wat op die gemiddelde punt gebaseer is:

A Verwysde maatstaf
B Verwysde norm
C Leer soos 'n papegaai
D Roetine-assessering

1.3 'n … is iemand wat iets verander en verbeter.

A Hervormer
B Stimuleerder
C Koesteraar
D Uitvinder

1.4 'n … is iemand wat aan streng reëls glo.

A Handhawer van dissipline
B Konformis
C Liberalis
D Kontroleur

1.5 Jy is … wanneer jy oor die vermoë en potensiaal beskik om 'n taak goed te verrig.

A nie-emplojeerbaar
B lomp
C onbekwaam
D bevoeg

1.6 Wanneer iets vaag is, is dit …

A inspirerend.
B moeilik.
C onduidelik.
D duidelik.

Kopiereg voorbehou

1.7 Enigiets wat solied en werklik is en wat gesien en waaraan geraak kan word, is …

A vaag.
B abstrak.
C konkreet.
D verstandelik.

1.8 … stem ooreen met ooreengekome beginsels van korrekte morele gedrag.

A Dubbelsinnighede
B Immoraliteit
C Korrupsie
D Etiek

1.9 Om gesigsuitdrukkings en liggaamsbewegings te gebruik om 'n boodskap oor te dra:

A Uitdrukking
B Tekens
C Simbole
D Ikoon

1.10 Jy is … wanneer jy gedragsvryheid met weinig tot geen reëls toelaat.

A streng
B permissief
C afwysend
D onbesorg

1.11 Jy … wanneer jy behendige veranderinge aanbring sodat iets beter werk.

A wissel af
B manipuleer
C werk
D aktiveer

1.12 Jy is … wanneer jy iets sien en verstaan.

A fyn ingestel
B ontwykend
C indirek
D vaag

1.13 … is 'n bydrae tot iets of voorstelle aan 'n groep.

A Vermyding
B Insette
C Sanksionering
D Verwerping

Kopiereg voorbehou

1.14 Om redes vir iets te gee:

A Evaluering
B Sosialisering
C Samestelling
D Regverdiging

1.15 'n … siekte kom oor die lang termyn voor of kom konstant weer voor.

A Breuk-
B Chroniese
C Spesialebehoefte-
D Skielike

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.15) in jou ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Jy is vaardig of bekwaam as jy 'n aktiwiteit uiters goed kan verrig.

2.2 Om 'n klein kind sagkens te versorg en te beskerm, word koestering genoem.

2.3 Bemeestering behels dat iemand oor deskundige kennis of 'n uitstaande vermoë beskik.

2.4 Om iets op 'n praktiese manier te gebruik, word begrip genoem.

2.5 'n Toets wat tydens leer gegee word, word moderering genoem.

2.6 Die assessering aan die einde van die jaar word grondlynassessering genoem.

2.7 Wanneer mense nie dieselfde beskouings deel nie, word dit wedersydse gevoelens genoem.

2.8 Intoleransie behels dat verskille begryp word.

2.9 Wanneer een ding dieselfde as ander dinge is, word dit heterogeen genoem.

2.10 Rekenpligtigheid beteken dat jy vir niemand of niks verantwoordelik is nie.

2.11 Die term *affektief* hou verband met 'n bui, gevoelens en houdings.

2.12 Die term *kognitief* hou verband met spieraktiwiteite.

2.13 Om te koester, beteken om 'n kind te vertroetel en sy of haar ontwikkeling aan te moedig.

2.14 'n Nuweling is iemand wat nie ervare is nie.

2.15 Iemand wat oor baie kennis beskik of wat baie opleiding deurloop het, word 'n deskundige genoem.

(15 × 1) **[15]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Gee EEN woord of uitdrukking vir elkeen van die volgende beskrywings deur 'n woord of uitdrukking uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of uitdrukking langs die vraagnommer (3.1–3.15) in jou ANTWOORDBOEK neer.

konsensus; oorgang; aan te spreek; nadenke; gehoorsaam; vooraf-; onderlinge afhanklikheid; assessering; evaluering; dialoog; beginsel; slaag; akkreditasie; fasiliteer; ondergeskiktes

3.1 Die proses waarvolgens bewyse ingesamel en aan die hand van ooreengekome kriteria beoordeel word om bevoegdheid te bepaal, word … genoem.

3.2 'n Stelselmatige bepaling van 'n vak se betekenis word … genoem.

3.3 'n Basiese waarheid, wet of aanname word 'n … genoem.

3.4 … is die proses waarvolgens sertifisering, gesag of geloofwaardigheid aangebied word.

3.5 Om te …, is om 'n optrede of 'n proses makliker te maak.

3.6 … is die proses waarvolgens daar van een aktiwiteit na 'n ander verander word.

3.7 'n Behoorlike manier van praat met iemand wat jy pas ontmoet het, is om hulle formeel ….

3.8 Wanneer jy aan 'n opdrag of versoek voldoen, is jy …

3.9 Om op ander se ondersteuning, hulp of interaksies staat te maak, word … genoem.

3.10 Om te bestuur en dit te doen wat jy beplan het, is om te …

3.11 Jy bereik … wanneer daar 'n algemene ooreenkoms onder al die lede van 'n groep bestaan.

3.12 Jy kanselleer 'n vergadering omdat jy … reëlings getref het.

3.13 Diepsinnige, versigtige denke en kritiese evaluering word … genoem.

3.14 'n … is 'n gesprek tussen twee of meer mense.

3.15 Die lede van 'n groep wat minder belangrik is, word … genoem.

(15 × 1) **[15]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem DRIE eksterne faktore wat onderrig en leer kan beïnvloed en wat in gedagte gehou moet word wanneer 'n kurrikulum ontwerp word.

4.2 Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk bestaan uit 10 vlakke gedeel deur drie bande. Noem die DRIE bande.

4.3 Noem DRIE bevoegdhede waaroor 'n persoon moet beskik om in 'n groep te kan funksioneer.

4.4 Noem DRIE doelstellings van rolspel in die klaskamer.

4.5 Noem DRIE maniere waarop jy probleemoplossing in 'n klas kan gebruik.

(5 × 3) **[15]**

TOTAAL VIR AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Identifiseer die assesseringsvorm wat 'n onderwyser, Carol, in elkeen van die volgende scenario's kan gebruik. Gee 'n kort rede vir elke antwoord.

5.1.1 Carol help uit by 'n skool aangesien een van die onderwysers siek is. Carol moet uitvind wat die leerders omtrent die vak weet.

5.1.2 Carol merk op dat sommige leerders sukkel en nie basiese begrippe kan baasraak nie. Sy moet vasstel wat die rede daarvoor is.

5.1.3 Carol ontdek dat die leerders geen idee van hul eie sterkpunte en swakhede het nie. Daar is nog nooit aan hulle enige geleentheid vir nadenke gebied nie.

5.1.4 Carol voel dat dit belangrik is dat sy 'n oorsig oor elke leerder se kennis moet verkry om hul bevoegdheidsvlak te bepaal.

(4 × 2) (8)

5.2 Bespreek kortliks waarom deelnemende assesseringsmetodes 'n sentrale rol in onderrig- en leeraktiwiteite speel. (3 × 2) (6)

5.3 Bespreek kortliks enige DRIE maniere wat 'n onderwyser kan gebruik om die aktiwiteitsbeginsel toe te pas ten einde die leerders te help leer terwyl hulle speel. (3 × 2) (6)

[20]

VRAAG 6

Volgens die sosialiseringsbeginsel is dit 'pret om saam te leer'.

6.1 Bespreek kortliks VIER verskillende benaderings en/of prosesse wat met hierdie stelling verband hou. (4 × 2) (8)

6.2 Identifiseer die toepaslike komponent van 'n uitkomsgebaseerde kurrikulum in die volgende scenario's:

6.2.1 Leerresultate wat van die leerders verlang word

6.2.2 Die leerders se toestande, agtergrond en omstandighede

6.2.3 Wat die leerders moet leer sodat hulle op die werklike lewe voorbereid kan wees

6.2.4 'n Taak of reeks take waardeur inligting oor 'n leerder se bevoegdheid verkry word

(4 × 2) (8)

6.3 Dit is belangrik om in die behoeftes van alle leerders in die klaskamer te voorsien. Gee EEN voorbeeld van hoe daar in elk van die leerbehoeftes wat in die volgende situasies gemeld word, voorsien kan word:

6.3.1 Visuele en perseptuele behoeftes

6.3.2 Ouditiewe behoeftes

6.3.3 Fisiese behoeftes

6.3.4 Begaafdheid

(4 × 1) (4)

[20]

VRAAG 7

7.1 Noem VYF onderrigmetodes wat in 'n klaskamer gebruik kan word en gee 'n voorbeeld van elkeen. (5 × 2) (10)

7.2 Lees die volgende scenario en beantwoord die vraag:

Mev Prince wil graag haar Graad 1-leerders oor die waarde van hul sintuie onderrig. Sy bring springmieliepitte, botter, sout, 'n springmieliemaker en pakkies skool toe. Sy vra die leerders om op die mat te gaan sit en haar dop te hou. Die leerders kan nie hul opgewondenheid in toom hou wanneer hulle sien hoe die pitte in springmielies verander nie.

Verduidelik hoe mev Prince haar leerders leer om al VYF hul sintuie te gebruik. (5 × 2) (10)

[20]

VRAAG 8

8.1 Lees is 'n belangrike element van leer. Mev Kara vind uit dat een van haar Graad 3-leerders goeie punte in Wiskunde en Lewensvaardighede behaal, maar nie in Tale nie. Hierdie dogter kan nie die begripstoetse bemeester nie en sy sê vir mev Kara dat sy nie van Engels as vak hou nie.

Verduidelik hoe mev Kara die leerder se leesvaardighede kan verbeter. (3 × 2) (6)

8.2 Onderskei tussen 'n *onderrigstrategie* en 'n *onderrigmedium*. (2 + 2) (4)

8.3 Identifiseer die VYF verskillende samewerkingsleerbeginsels wat by die volgende stellings ingesluit is. Staaf jou antwoorde.

8.3.1 Die leerders moet besef dat hulle mekaar nodig het en moet saamwerk om 'n doel te bereik.

8.3.2 'n Groep kan moontlik geen leiers hê nie, maar elke lid van die groep weet dat hulle 'n taak het om te verrig. Al die lede het gelyke status en verantwoordelikhede.

8.3.3 Die leerders moet in staat wees om saam te werk en kritiek te aanvaar. Hulle moet bereid wees om inligting en idees onder mekaar uit te ruil.

8.3.4 Groepe uit verskillende kultuuragtergronde word aangemoedig om saam te werk. Die onderwyser moet seker maak dat al die leerders gemaklik voel om idees uit te ruil.

8.3.5 Groepe word aangemoedig om oplossings vir hul probleme te vind. Groepslede moet die verlangde inligting verkry.

(5 × 2) (10)
[20]

VRAAG 9

9.1

Mev Smith probeer haar bes om verskillende onderrigmetodes in haar klas te gebruik. Sy verkies dat haar klas by die leerproses betrokke moet wees. Sy moedig altyd die leerders aan om hul oogpunte en idees met die ander te deel. Sy spoor hulle ook aan om na mekaar se beskouings te luister en sodoende kennis op te doen. Dit is 'n ordelike proses van groepswisselwerking van aangesig tot aangesig.

9.1.1 Dui aan watter onderrigmetode in bogenoemde scenario gebruik word. (2)

9.1.2 Gee redes vir jou antwoord op VRAAG 9.1.1 met voorbeelde uit die scenario. (4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

9.2 Identifiseer die benaderings tot onderwys in die volgende stellings:

9.2.1 Kinders word aangemoedig om volgens hul eie vermoëns teen hul eie pas en vordering te werk.

9.2.2 Kinders leer om te skryf voordat hulle kan lees. Geen handboeke word gebruik nie en kuns speel 'n uiters belangrike rol.

(2 × 2) (4)

9.3 Gee jou eie mening oor waarom Bloom se taksonomie 'n beduidende hulpmiddel in die assesseringsproses is. (3 × 2) (6)

[20]

VRAAG 10

10.1

Mev Edgar ontdek dat baie van haar leerders nie in die klas kan konsentreer nie omdat hulle nie ontbyt geëet het nie of nie voedsame kos genuttig het nie. Die meerderheid leerders dra ook nie warm klere op koue dae nie. Sy voorsien dikwels hulpbronne aan leerders om hulle te help om aktief by die leerproses betrokke te raak.

10.1.1 Identifiseer die spesiale behoeftes in die situasie wat in die scenario beskryf word. (2 × 1) (2)

10.1.2 Gee redes vir jou antwoord op VRAAG 10.1.1 deur voorbeelde uit die scenario te gebruik. (4 × 2) (8)

10.2 Lees die sinne hier onder en identifiseer die kernwaarde van die Grondwet wat in elke geval geskend word.

10.2.1 Mario is homoseksueel en begin by 'n nuwe werk. Hy het aanvanklik heelwat vriende, maar toe party mense uitvind hy is homoseksueel, begin hulle hom ignoreer.

10.2.2 In die onderneming, waar Mario werksaam is, het die werkers geen seggenskap in enige besluitneming nie, en hulle word nie toegelaat om hul menings te lug nie.

10.2.3 Die bestuurders is onbeskof en is geneig om die werknemers voor hul kollegas te verneder.

10.2.4 Verskille en argumente word nie behoorlik gehanteer nie, en daar heers heelwat konflik onder die werknemers.

10.2.5 Die onderneming het meer mans as vroue in senior posisies, en vroue word nie gelyk behandel nie.

(5 × 2) (10)

[20]

VRAAG 11

Skole en onderwysers kan 'n beduidende rol speel in die voorkoming van rassisme. In party skole word die nalatenskap van leerders egter geïgnoreer, op die plakkate in die klaskamers word diversiteit nie vertoon nie, en sommige leerders word berispe wanneer hulle buite die klaskamer in hul moedertaal praat. Party onderwysers se houdings word steeds deur die leerders se ras en agtergrond beïnvloed, en onderwysers het geen of weinig kennis van die etniese groepe in hul klasse nie.

11.1 Identifiseer die kwessies uit die scenario hier bo wat gehanteer moet word om rassisme in die skool uit die weg te ruim. (5 × 2) (10)

11.2 Onderskei tussen 'n kindgesentreerde beskouing van onderwys en die vak- of kennisbeskouing van onderrig. (2 × 2) (4)

11.3 Bespreek DRIE verskillende mediakategorieë wat onderwysers in klaskamers kan gebruik ten einde diversiteit te bevorder. (3 × 2) (6)
[20]

TOTAAL VIR AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou